



TOERISME

GRAAD 11

HERSIENINGSVRAE

KWARTAAL 3

ONDERWERP: TOERISME ATTRAKSIES

**INHOUD: HOOF TOERISTE ATTRAKSIES IN DIE SAOG
LANDE**


Al die vrae in hierdie dokument is uit vorige ECDoE provinsiale eksamenvraestelle verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 13 bladsye.

ONDERWERP: TOERISME ATTRAKSIES**INHOUD: HOOF TOERISTE ATTRAKSIES IN DIE SAOG LANDE**

NOV 2014 EC
VRAAG 3

3.1 Verwys na die kaart en prente van toerismebesienswaardighede in Botswana en Lesotho en beantwoord die vrae.



- 3.1.1 Identifiseer die toerismebesienswaardighede gemerk **A**, **B**, **C** en **D** deur die prente met die ligging daarvan soos op die kaart aangedui, te verbind. (4 x 1) (4)
- 3.1.2 (a) Gee die algemene gebruiknaam vir die besienswaardigheid gemerk **D**. (1)
- (b) Noem TWEE somer-avontuuraktiwiteite waaraan toeriste kan deelneem tydens hul besoek aan die besienswaardigheid gemerk **D**. (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Verskaf EEN rede waarom die besienswaardigheid gemerk **B**, as 'n top toerismebesienswaardigheid beskou word. (2)

- 3.1.4 Die besienswaardigheid gemerk A het in 2001 UNESCO Wêrelderfenisstatus ontvang. Skryf 'n paragraaf waarin TWEE interessante feite verskaf word aangaande hierdie besienswaardigheid wat 'n kulturele toeris sal beïnvloed om 'n besoek daar te gaan aflê. (2 x 2) (4)


- 3.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

	<p>Die eilande in die Seychelle is nie net 'n ander plek nie, dit is 'n ander wêreld.</p>
	<p>Met pragtige strande en helder blou see, is dit nie vreemd dat die Seychelle onder die wêreld se mees idilliese eiland-wegbreekopsies prui nie.</p>
	<p>Geleë ongeveer 1 500 km oos van die vasteland van Afrika, die Seychelle, amptelik die Republiek van Seychelle, is 'n argipelnasie en die perfekte strand-vakansiebestemming.</p>
	<p>Die 155 prentjiemooi eilande lê in die hart van die sprankelende blou water van die Indiese Oseaan.</p>

- 3.2.1 Noem TWEE van die drie hoofeilande van die Republiek van Seychelles. (2)
- 3.2.2 Wat verstaan jy onder die term "argipel"? (2)
- 3.2.3 Behalwe swem en skubaduik, noem TWEE ander wateraktiwiteite waaraan toeriste wat die Seychelles besoek kan deelneem. (2)

NOV 2015 EC
VRAAG 4

4.1 Verwys na die SAOG-toerisme aantreklkhede kaart en beantwoord die vrae.



- 4.1.1 Gee die letters wat ooreenstem met die twee lande wat die Kariba-meer deel. (2 x 1) (2)
- 4.1.2 Gee die letter wat ooreenstem met die land waar 'n vername branderplankryplek, Tamrinbaai, geleë is. (1)
- 4.1.3 Gee die letter wat ooreenstem met die land wat omring is met ander lande, waar wildliefhebbers die Hlane Royal nasionale park en die Mkhaya-wildreservaat kan besoek. (1)
- 4.1.4 Gee die letter wat ooreenstem met die land met 'n groep van vyf eilande aan die kus, bekend as die Bazaruto-argipel, en baie bekend vir strandtoerisme is. (1)
- 4.1.5 Noem 'n besienswaardigheid wat deur die lande gemerk **A** en **B** gedeel word. (1)

- 4.1.6 Noem die besienswaardigheid in die land gemerk **F** wat die tweede grootste natuurlike kloof in die wêreld is en 'n asemrowende stapperservaring bied. (1)
- 4.1.7 Noem die besienswaardigheid wat besoekende toeriste die geleentheid bied om foto's van skepswrakke te neem, in die land gemerk **F**. (1)
- 4.1.8 (a) Lys enige TWEE Wêrelderfenisterreine in die land gemerk **G**. (2 x 1) (2)
- (b) Kies EEN van die Wêrelderfenisterreine genoem in VRAAG 4.1.8 (a) en gee die hoofrede waarom dit as 'n top toeriste besienswaardigheid beskou word. (2)
- 4.2 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae.

Victoria-Waterval





Die Victoria-waterval is een van die mees skouspelagtige natuurlike wonders van die wêreld. Die plaaslike mense noem dit "Mosi-oa-Tunya". Die Victoria-waterval is 1 708 meter breed, wat dit die grootste gordyn van water in die wêreld maak.

'n Aantal toeriste aktiwiteite kan onderneem word. Helikoptervlugte bied 'n pragtige uitsig van die valle, die stroomop rivier en sy talle eilande en vir die meer avontuurlustiges is daar mikrotuig vliegritte met pragtige uitsigte van die Valle.

- 4.2.1 Noem die TWEE lande wat die Victoria-waterval deel. (2 x 1) (2)
- 4.2.2 Noem die rivier, wat die grens tussen die twee lande genoem in VRAAG 4.2.1 vorm, wat tot die Victoria-waterval lei. (1)
- 4.2.3 Lys DRIE avontuur-aktiwiteite, wat nie alreeds in die uittreksel genoem is nie, waaraan toeriste tydens hul besoek in en om die area van die waterval kan deelneem. (3 x 1) (3)

NOV 2016 EC
VRAAG 4

Verwys na die kaarte en prente van toerisme aantreklkhede in Tanzanië en Namibië en beantwoord die vrae.




- 4.1 Identifiseer die toerisme aantreklkhede gemerk **A**, **B**, **C**, **D** en **E**. (5 x 1) (5)
- 4.2 4.2.1 Noem die bekende gebeurtenis wat geassosieer word met wild wat met die aantreklkheid gemerk **A** gekoppel word. (2)
- 4.2.2 Gee EEN rede waarom toeriste wat op safari is mobiele kampeer akkommodasie verkies sodat hulle die gebeurtenis waarna verwys word in VRAAG 4.2.1 kan besigtig. (2)

- 4.3 Gee EEN rede waarom die aantreklikheid gemerk **B** as 'n baie groot uitdaging deur bergklimmers beskou word. (2)
- 4.4 Beskryf EEN aktiwiteit by die UNESCO Wêrelderfenisterrein gemerk **C** waarin die volgende tipes toeriste sal belangstel:
- 4.4.1 Kultuurtoeris (2)
- 4.4.2 Ontspanningstoeris (2)
- 4.5 Beskryf die landskap wat toeriste sal sien wanneer hulle die aantreklikheid gemerk **D** besoek. (2)
- 4.6 4.6.1 Gee die hoofrede waarom die aantreklikheid gemerk **E** een van Namibië se hoof toeriste-aantreklikhede is. (2)
- 4.6.2 Noem 'n vyfdag aktiwiteit waaraan groepe ervare avontuurtoeriste kan deelneem as hulle die aantreklikheid gemerk **E** besoek. (1)

NOV 2017 EC
VRAAG 4

Verwys na die onderstaande prente van die SAOG toerisme aantreklikhede en beantwoord die vrae.



4.1 Noem EEN aktiwiteit waaraan toeriste kan deelneem as hulle die Cahora Bassa Dam besoek.


(1)

4.2 Teken en voltooi die onderstaande tabel oor in jou ANTWOORDEBOEK

SAOG aantreklikheid	Land	EEN rede waarom dit as 'n top toeriste aantreklikheid beskou word	
<i>Bv. Visrivier Canyon</i>	<i>Namibië</i>	<i>Dit is die tweede grootste canyon ter wêreld</i>	
Cahora Bassa Dam			(3)
Koninklike Heuwels van Ambohimanga			(3)
Kahuzi-Biega Nasionale Park			(3)
Die Tsodilo Heuwels			(3)
Matopo Heuwels			(3)

**NOV 2018 EC
VRAAG 4**

Verwys na die kaart van SAOG-lande en die beelde van toerisme aantreklkhede hieronder en beantwoord die vrae.



- 4.1 Identifiseer die toerisme aantreklikhede gemerk **A**, **B**, **C** en **D**. (4 x 2) (8)
- 4.2 Noem die rivier wat die toeriste in die helikopter sal kan besigtig tydens hulle vlug oor die aantreklikheid gemerk **A**. (2)
- 4.3 Gee EEN rede waarom 'n avontuurtoeris in die aantreklikheid gemerk **B** sal belangstel. (2)
- 4.4 Noem TWEE water-gebaseerde aktiwiteite, behalwe vir dié een in die beeld, waaraan ontspanningstoeriste sal kan deelneem ten tye van 'n besoek aan die aantreklikheid gemerk **C**. (2 x 1) (2)
- 4.5 Gee TWEE redes waarom die aantreklikheid gemerk **D** een van die top aantreklikhede in Botswana is. (2 x 2) (4)


NOV 2019 EC
VRAAG 4

Verwys na die kaart van SAOG-lande en die gekoppelde beelde/name van toerisme aantreklkhede hieronder en beantwoord die vrae.

The diagram consists of a central map of Southern African countries (SAOG) with five callout boxes labeled A through E. Each box is connected to a specific location on the map by a line. Box A points to a savanna landscape with zebras. Box B points to the 'Koninklike Heuwels van Ambohimanga' in Madagascar. Box C points to a waterfall. Box D points to a desert landscape with sand dunes. Box E points to 'Virunga Nasionale Park' in the Great Rift Valley region.

4.1 Identifiseer die toerisme aantreklikhede gemerk **A**, **C** en **D**. (3 x 2) (6)


4.2 Bestudeer die genommerde prente hieronder.



(a) Identifiseer die prent wat die SAOG-toeriste aantreklikheid, Koninklike Heuwels van Ambohimanga, gemerk **B** op die kaart, die beste verteenwoordig. (2)

(b) Gee EEN rede waarom die Koninklike Heuwels van Ambohimanga as 'n top toeriste aantreklikheid in die SAOG streek beskou word. (2)

4.3 Bestudeer die toerisme aktiwiteite hieronder.



4.3.1 Identifiseer die “moet-doen” toeriste aktiwiteit in die Virunga Nasionale Park, gemerk **E** op die kaart. (2)

4.3.2 Stel EEN voordeel voor wat die toeriste aktiwiteit in VRAAG 4.3.1 gekies, vir die bewaringspogings van die Virunga Nasionale Park sal hê. (2)

4.4 4.4.1 Verduidelik hoe die afgeleë gebied, gemerk **D** op die kaart, sy naam gekry het. (2)

4.4.2 Lys TWEE besigtigingsgeleenthede wat 'n besoeker aan die aantreklikheid gemerk **D** kan teëkom. (2 x 1) (2)